

# *Dit reeën*





# Dit reën

Wasdag  ............................1

Dit reën  ............................3

Waar is Tommie? ............................5

Tommie is nat  ....................7



# Wasdag



Sarie en Bettie sit in die son.

Bettie speel, maar Sarie sit.


Sarie is moeg.

Vandag is wasdag.

Sarie het gewas en gewas.

Die draad is vol wasgoed.

Sarie is moeg.



Dis 'n mooi dag.

Die son skyn warm.

Kolle is ook daar.

Hy lyk ook moeg.

Hy lê en slaap.

Dis lekker warm in die son.


Bettie speel, maar Sarie sit.

Die draad is vol wasgoed.

Sarie is moeg.

Kolle lê in die son en slaap.

Die son skyn warm.



Die wasgoed is droog.


Sarie is moeg.

Vandag is wasdag.

# Dit reën


Dit reën.

Alles is nat.



Die gras is nat.


Die wasgoed op die draad is nat.



Die pad is nat.

Dit reën en reën.

Piet is bly.




Die tenk sal vol word.

Alles sal groen word.

Die gras sal groen word.

Die veld sal groen word.

Die  bokke sal vet word.



Piet is bly.

# Waar is Tommie?

Dit reën en reën.

Bettie is nie bly nie.

Sy moet in die huis bly.

Sy wil nie, maar sy moet.



Dit reën en reën.

Bettie soek die kat.

Waar is Tommie?

Sy wil met hom speel.

Sy soek vir hom.

Waar is Tommie?

Bettie kan hom nie kry nie.

Die kat is nie in die huis nie.

Bettie moet wag.

Sy sit en wag.

Dit reën en reën.

# Tommie is nat


Dit reën en reën.

Tommie kom huis toe.

Hy kom in.

Hy is nat.

Vir hom is die reën nie lekker nie.



Bettie is bly om hom te sien.

Sy tel hom op.

"Tommie nat," sê Bettie.

Sarie lag.


"Sit hom neer," sê Sarie.

"Kom, Bettie, kom gee vir Tommie sy kos."

Bettie sit die kos neer.

Tommie kom eet.

Hy eet die kos.



Die kat kom sit op die mat.

Hy sit en lek hom droog.

Bettie lag.

Tommie is droog.

Bettie is bly.

Bettie en Tommie speel lekker saam.



Dit reën en reën, maar Bettie is bly.